Klimaatsverandering en roofvoëls

Agtergrond

Toenemende warm temperature regoor die wêreld en die wegsmelt van duisendjaar-oue yslae op die Arktiese Skiereiland is slegs 'n paar bewyse van die vinnig veranderende klimaat op aarde. Die tien warmste jare tot dusver is gedurende die laaste 14 jaar aangeteken en die warmste jaar was 2005. Hoekom so? Sedert die industriële revolusie 300 jaar gelede het die mens tonne koolsuurgas geproduseer wat eenvoudig net in die atmosfeer versamel. Alhoewel hierdie toenemende konsentrasie van koolsuurgas min is, het dit verwarming van die klimaat veroorsaak en dit sal vir ten minste 100 jaar voortduur al word hierdie uitstortings môre gestaak. Klimaatsverandering beteken dat natuurlike ekosisteme moet verander om aan te pas by vroeër lentes, minder reën (in suidelike Afrika), meer storms, meer vure en vir kusspesies, hoër getye en hoër seevlakke. Die verspreidingsgebiede van skoenlappers en amfibieë in die noordelike halfrond is deur klimaatsverandering met honderde kilometers noordwaarts verskuif gedurende die laaste twee dekades en dit het die uitsterwing veroorsaak van spesies wat nie by die heersende klimaat kon aanpas nie. In suidelike Afrika is onlangs vinnige en aansienlike verskuiwings in die verspreidingsgebiede van sommige voëlspesies, soos kraaie en hadedas, aangeteken, asook by sommige roofvoëls soos die swartsperwer, maar of dit aan klimaat toegeskryf kan word, is debatteerbaar.

Watter roofvoël spesies word die meeste beïnvloed?

Vir sekere voëls is die gebiedsverskuiwing voorspel deur die modellering van die klimaatstreke waarin hulle voorkom en verskeie klasse van voëls gaan beïnvloed word deur die verbrokkeling van hul habitat en ook hul kleiner wordende verspreidingsgebiede.

- Spesies wat hoofsaaklik langs berge en op bergpieke voorkom, gaan nog hoër gedwing word soos temperature warmer word. Roofvoëls soos die baardaasvoël en die kransaasvoël gaan dus beïnvloed word as temperature styg. Mens kan 'n afname in broeiaktiwiteite verwag, asook die verlating van die mees noordelike kolonies asook kolonies wat noord front teen 2050 wanneer die gemiddelde temperature soos voorspel word met ongeveer 2° sal styg. Die afwesigheid van broeiaktiwiteite van kransaasvoëls by kolonies in Zimbabwe en Namibië ondersteun hierdie stelling.
- Spesies wat beperkte verspreidingsgebiede het of wat endemies aan suider Afrika is, kan forseer word om verder suid te gaan en dit gaan hul gebiede verder verklein. Sulke spesies sluit die rooiborsjakkalsvoël en die swartvleivalk in en veral die sperwers van die kernbroeigebied teen die Kaapse Weskus. Hierdie gebied sal van die hoogste temperatuurverhogings beleef, asook op tot 20% afname in reënval teen 2099.
- Vleilandspesies word ook beïnvloed as gevolg van die verwagte 10% afname in die jaarlikse reënval teen die einde van hierdie eeu regoor suidelike Afrika. Tydelike (kortstondige) vleilande sal minder dikwels oorstroom word en die vloei van riviere sal afneem. 'n Voorspelde 72% afname in die vloei van riviere by Maun teen 2099 beteken dat die Okavango Delta, 'n belangrike gebied vir die Afrikaanse vleivalk en die Enkelbandslangarend, ongereeld oorstroom sal word.
- Grasveldspesies soos die migrerende kleinrooivalke, migrerende vleivalke, grasuile, woue en sekretarisvoëls sal deur toenemende bosindringing beïnvloed word, omdat die verhoging in koolsuurgas die groei van houtagtige plante bevorder.
- Migrerende spesies sal oor die algemeen die swaarste kry om aan te pas by veranderinge aangesien beide die winter- en somer-areas van hul verspreidingsgebied se klimaat en habitat gaan verander. Vir die spesies wat die verste migreer, soos die oostelike rooipootvalke, gaan die broei-gebied se klimaat in die noordelike halfrond vinniger verander as hier by ons in die suidelike halfrond waar hulle in die somer voorkom. Dit beteken dat hierdie spesies twee (verskillende) probleme moet oplos.

Wat kan ons doen?

Aanpassing by verandering is vir die mens, sowel as vir die biodiversiteit rondom ons, 'n groot uitdaging. Mense moet die koolsuurgas verminder (baie minder koolsuurgas vrystel in hul daaglikse bestaan). Dit kan gedoen word deur gebruik te maak van son- en windenergie en om ons afhanklikheid van voertuie en verwante industrieë te verminder wat belangrike koorsuurgas vervaardigers is. As roofvoëlbewaarders moet ons bepaal hoe verskillende spesies beïnvloed word. Die navorsing en monitering wat nodig is, sluit in:

- Monitering van spesies se verspreidingsgebiede om te kyk na afname in voorkoms in noordelike gebiede (nuwe en ou atlasdata).
- Assesseer afname in broeisukses of minder gereelde broeiaktiwiteite.
- Kyk na volledige verspreidingsverskuiwings (gebruik historiese inligting)
- Kyk na veranderinge in liggaamsgroottes (oor 10+ jaar)
- Kyk na gedrag wat dui op hittestres (kortasem, kop wat hang, maak skadu vir kuikens) in noordelike teenoor suidelike situasies
- Kyk na tendense in aankomstye vir spesies wat migreer (bv. migrerende kleinrooivalkies)
- Kyk na besetting van broeiplekke op kranse van aasvoëls; laagliggende broeiplekke teenoor hoogliggende broeiplekke; kranse wat noord front teenoor kranse wat suid front.

Bewaringsbeplanners behoort die toekomstige uitwerking van klimaat op al ons roofvoëls te voorspel en te beplan vir beskermde gebiede in nuwe omgewings waar verskillende spesies skuiling mag vind.

Vir verdere inligting kontak:
Dr Rob Simmons (Rob.Simmons@uct.ac.za) of
Dr Andrew Jenkins (Andrew.jenkins@uct.ac.za) of
Dr Phoebe Barnard (Barnard@sanbi.org)
Webtuiste: www.fitzpatrick.uct.ac.za/docs/raptor.html

Teks deur Rob Simmons; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Maggie Newman; uitleg deur Africa4U
BoPWG pamflet projek gekoördineer deur Mark D Anderson

Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506
Webtuiste: www.ewt.org.za
E-pos: andreb@ewt.org.za (André Botha) of bopwg@ewt.org.za (Erika Belz)